*"Lig uit Lig,*
*tot lig vir die nasies"*
*(NICEA 1 700)*

**Sondag, 2 November 2025**
**Nagmaal**

**Deur God self vir altyd aan Hóm verbind, sodat alle vlees naby Hom kan leef!**

*"God het Noag en sy seuns geseën en vir hulle gesê: 'Wees vrugbaar, vermeerder en vul die aarde. ... En Ek, kyk, Ek sluit my verbond met julle en julle nageslag ná julle, en met alle lewende wesens wat by julle is – voëls, mak diere, al die wilde diere van die aarde... Dit is die verbondsteken wat Ek plaas tussen My en julle en al die lewende wesens by julle, vir toekomende geslagte: My boog plaas Ek in die wolke... as teken van die verbond tussen My en die aarde... tussen My en julle en elke lewende wese, ja, alle vlees...'"*
(Genesis 9:1, 9-10 en 15)

Die eerste hoofstukke van die Bybelverhaal – Genesis 1 tot 11 – antwoord die groot vrae van die mensdom: Waar kom alles vandaan, hoe het alles begin? Wat is die waarde van lewe en die sin van ons bestaan? Waar kom gebrokenheid vandaan, sonde en skuld? Wat is reg, en wat verkeerd? In ons lees van hierdie verhale die afgelope drie maande, het ons ook die drie grondliggende temas van die Christelike geloof teëgekom: **Skepping**: God het álles goed gemaak, lig en donkerte geskei, lewe geskenk en dit geseën (1:28). **Sondeval**: Die mens se verkeerde keuse, wat verwyte en verwarring, vervreemding en verlatenheid gebring het – tussen mens en God, tussen mens en medemens, tussen mens en die res van die skepping (Genesis 3 en 4). **Verlossing (genade)**: God wat nie opgee nie, vir Adam en Eva kleë (3:24), vir Kaïn 'n merkteken om sy lewe te beskerm (4:15); vir Henog 'n lewe naby God en nie die dood (5:24); vir Lameg 'n seuntjie genaamd Noag, wat beteken "hierdie een sal ons troos en rus gee" (5:29).

Ook in die volgende siklus verhale, dié oor Noag kom hierdie drie temas na vore: Dit begin in die tragiese werklikheid van daardie groot verdwasing: God is diep bedroef oor wat met die mensdom gebeur het; *"Ek is jammer dat Ek hulle gemaak het"* (6:7). **Sondeval**. Tóg vind God iemand onder hulle, *"regverdig, onberispelik tussen sy tydgenote en (wat) naby God geleef het"* (6:9). Wanneer die verwoesting kom: *"God het aan Noag gedink, ook aan al die diere"* (8:1). **Verlossing**. Uit dit – let op: die water en wind (8:1, soos 1:2!) – 'n nuwe begin met dieselfde seënbede: *"Wees vrugbaar...* (9:1, soos 1:28). **Skepping**. Hierdie keer klink daar egter 'n nuwe woord op, 'n vierde tema: *"Ek sluit my verbond met julle..."* (9:9, 11, 17). **Verbond**. God verbind Homself aan "vlees", alle "vlees", "vlees" soos óns s'n.

Uiteindelik sou dít die hart van die Evangelie word: dat God sy Woord "vlees" laat word het (Johannes 1:14), vir almal, sodat mens en Skepping in hierdie verbintenis – "naby aan God" – sou kon leef. Só naby, soos toe Hy die brood gebreek en gegee en gesê het: "Dit is my liggaam – my vlees – vir julle..." 'n Verdere verbondsteken, vir altyd, om mee te kan leef...

**JL.**

Hartlik welkom by ons Nagmaalsdiens vanoggend, gelei deur ds. Jan Lubbe en ons orrelis, dr. Johan Cromhout. Welkom aan alle besoekers, en veral ook aan die families en vriende van dié 31 belydeniskatkisante wat gisteraand hier van hul geloof in Christus getuig het. Welkom ook aan almal wat via ons webblad, op *Facebook* en op Berg-en-Dal se *You Tube*-kanaal by die erediens inskakel.

## **LITURGIE**

**Verwelkoming & aansteek van die Wydingskers**

**Wydingslied:** "Heilig, heilig, heilig – my hart, o Heer, aanbid U" (Lied 170)

**Votum:**

**Liturg –** "Waarmee sal ek die Here tegemoetgaan,
my neerbuig voor die verhewe God?

**Gemeente –** "Sal ek Hom tegemoetgaan met brandoffers,
met jaaroudkalwers?
Moet ek my eersgeborene gee vir my oortreding,
die vrug van my liggaam vir my eie sonde?

**Liturg –** "Mens, die Here 't aan jou bekend gemaak wat goed is:
Wat anders vra die Here van jou, as net dít:

**Gemeente –** "Om te doen wat reg is,
om troue liefde te bewys,
en om nederig die pad saam met God te loop?"

**Verootmoediging:** "U die kenner van ons harte" (Lied 241:2 en 3)

**Seëngroet**

**Loflied:** "Loof die Here uit die hemel" (Lied 199:1, 2 en 3)

**Gebed**

**Gebedslied:** "U het die brood gebreek" (Lied 253:1)

**Skriflesing:** Genesis 9:1-3 en 9-17

**Verkondiging**

**Danklied:** "Want so lief het God die wêreld gehad" (Lied 329 – v, m, a)

**Herinnering aan die Nagmaal as <u>verbond</u>smaaltyd...**

**Nagmaalslied:** "Eet die brood, drink die wyn" (Lied 303 Afr & Eng)

**Tafelgebed en Geloofsbelydenis**

**Voorbereiding vir die Nagmaal**
(Gisteraand se belydenisgroep word een-een na vore genooi, kom in linkerpaadjie op, ontvang brood en wyn by die leraars en gaan sit weer, waarná diakens aan almal uitdeel en ons wag totdat almal gekry het – dán word tekens ingestel en gebruik ons dit tegelyk).

**Instelling van die Nagmaal**

**Dankgebed**

**Offergawe van liefde en dank, uitnodiging en uitsending**

**Slotlied:** "Aan U ons lof, o God" (Lied 458:1, 2 en 3)

**Seënbede, Amen & Orrelnaspel**

**Ander Eredienste:**

| | |
|---|---|
| Sondag, 2 Nov. | 18:00 – Ds Jan Lubbe: *Diens van Woord, stilte en gebed* (Taizé). |
| Sondag, 9 Nov. | 09:30 – Prof Jan Albert v/d Berg; gesinsdiens in saal – ds Johan Marais |
| | 15:00 – Teol.std. Steve Popane (Sothodiens). |
| | 18:00 – Ds Janke Hurter (Graad 7-diens). |
| Sondag, 16 Nov. | 09:30 & 18:00 – Afsluiting van ons Kategese. |
| Sondag, 23 Nov. | 09:30 – Ds. Jan Lubbe (Kerssangdiens). |

**MEELEWING EN VOORBIDDING**

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende twee weke verjaar:

02 Nov. Andrié Barnado, Christo de Wet, André Prinsloo en Nico Wilson.
03 Nov. Ruané le Roux, Vilca Rawlins en Jente Vorster.
04 Nov. Mia de Jager.
05 Nov. Krynauw Cilliers.
06 Nov. Lindi Botes, Lizanne Roos, Bea du Toit, Hanlie Gouws, JP Joubert en Salomé Wiggett.
07 Nov. Alna de Villiers, Cassie du Plessis, AJ le Roux, Peet Meyer en Magda van Wyk.
08 Nov. Petro Blaauw, Claudine Engelbrecht en Magdel Louw.

Ons is vandag saam met hul ouers, bly en dankbaar oor dié 31 belydeniskatkisante wat gisteraand hier voor God en die gemeente van hulle geloof getuig het – ons bid hulle die nabyheid van God verder op hul geloofspad toe:
**Sondaggroep (Berg-en-Dal):** Lasya Buys, Francois Cilliers, Chené Claassens, Marlene du Plessis, Wian Engelbrecht, Josh Faber, Nina Fourie, Rynhardt Janse van Rensburg, Anabelle Laubscher, Carla Loots, Nieke Matthee, Pieter Muller, Ananda Schutte, AJ Spies, Adri Treurnich en Willem van Staden.
**Woensdaggroep (Eie Haard-koshuis):** Francisca Becker, Julene Brown, Karla Cloete, MJ Cronje, Arno Goosen, Heinrich Lintvelt, Nerine Lombaard, Hanco Nel, Janus Oosthuizen, Hanco Sutherland, Nelmari Taljaard, Zané van der Walt, Franco van Wyk, Tiné Venter en Nea Venter.

Ons gebede gaan uit na almal wat siek is, in hospitale of tuis aansterk: Valerie du Plessis (Rusticana 26, wyk 8c); Thea Botha (Santé aftreeoord 104, wyk 18); Oom Jan van Rooyen (Serenitas 69, wyk 15); Tannie Choppie Ferreira (Morganstr. 28, wyk 6); Hanna-Mari Hoffman (Winterstr. 21, wyk 6a); Hercules Pretorius (Noorderbloem); Oom Kowie Wessels (Hillandale Aftree-oord, wyk 12b); Izak Herbert (Sedanstr. 4, wyk 19a) en Oom Chris Beukes (Serenitas 184, wyk 15). Ons dink aan almal wat op een of ander wyse 'n sieke of verswakte familielid moet ondersteun.

Ons innige meegevoel aan Magda van Wyk en seuns, familie en vriende met die heengaan van Phillip (Wild Olive Heights 1, wyk 18). Phillip se gedenkdiens vind eerskomende Saterdag, 8 November om 10:00 hier in Berg-en-Dal plaas.

**BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES**
Sondagoggende (08:30) bid 'n groep lidmate vir ons eredienste in Berg-en-Dal en vir die Woordverkondiging wêreldwyd; jy kan tuis óf by die kerk saam kom bid.
Woensdagaand-Bybelstudiegroep (19:00) o.l.v. ds Jan Lubbe in die Jeugkamer: Ons nooi almal in die gemeente uit na 'n vertelling met foto's en indrukke oor die tema *"Volhard in jul Getuienis"*, n.a.v. die besoek aan **Thailand en Japan**. Indien jy wil inskakel, whatsapp jou naam na 082 784 9362.
Woensdagaand 'Lighthouse'-Bybelstudiegroep (19:00) o.l.v. ds. Janke Hurter – sluit aan by die vertelling oor Thailand en Japan.
Donderdagoggend-Bybelstudiegroep (09:00) o.l.v. ds. Johan Marais in die Konsistorie: *"Die Brief aan Efese – Die Here s'n!"* Indien jy wil inskakel, whatsApp jou naam na 084 517 8052.

## KERKRAADSAKE

**Bestuursraad:** Die Bestuursraad vergader Maandagaand, 3 November om 18:00, vir die laaste keer vanjaar en om 2025, ons gemeentelewe en bedieninge in oënskou te neem.

**Spesiale Kerkraadsvergadering:**
Alle kerkraadslede word herinner aan die spesiale vergadering van Sondag, 9 November om 09:00 in die konsistorie, vir die jaarlikse aanwysing van ouderlinge en diakens.

**Gasvryheidsbeurte & Sorg-en-omgee:**
Dankie aan Wyke 18, 19 en 20 wat in Oktober vir ons gasvryheid Sondae, met tee en koffie in die binnehof, en Vrydagaande se ete na Anchor of Hope-Shelter gesorg het – dankie! In **November** is Wyke 20 en 1 en 2 aan die beurt. Indien jy ook hiermee wil help, kontak die Kerkkantoor (073 180 3193).

## BEDIENINGE

**GEMEENTEBEDIENING**
**Seniorbediening:** Ons nooi nou reeds alle lidmate 65+ uit na die afsluiting van ons jaar, op Woensdag, **19 November om 09:30** wanneer die bekende omroeper Albé Grobbelaar (van Historiese Almanak) nóg onthou-stories kom deel, en daarna 'n gesellige laatontbyt te geniet – bespreek asb. by die kerkkantoor t.w.v. die getalle vóór Vrydag, 14 November.

**Leesstof:** Jongste uitgawe van *Kerkbode* is agter op die tafel in die kerk beskikbaar; neem, lees en gesels saam. Dan, vir 'n wonderlike Kersgeskenk: Die *Uit die Beek*-dagboek vir 2026 geskryf deur Stephan Joubert is in ons Boekwinkel te koop @ R 250; kom bestel joune...

**JEUGBEDIENING**
**Graad 7-diens:** Ons nooi alle Graad 7's en hul ouers uit na 'n wydingsdiens, Sondagaand, 9 November om 18:00, om saam met ons kinders vir die Here se seën oor hul eksamens te bid, en een lewensfase af te sluit en die nuwe te betreë...

**EREDIENSKOLLEKTE: 'n LIEFDESGAWE**

SnapScan

Die eredienskollekte op 'n Sondagoggend en -aand, is 'n liefdesgawe uit dankbaarheid vir God se sorg en seën. Ons gee 'n tiende daarvan (10%) ter ondersteuning van die genoemde sinodale werksaamheid of ander instansie/projek vir die betrokke Sondag – vanoggend, 2 November: **Teologiese Opleiding (Seminarium).** U kan ook 'n kollekte of dankoffer via die internet (eft) of per SnapScan na Berg-en-Dal betaal – **ABSA Tjekrek. 470-580-011 (Takkode: 632005).**